Vrydag 2 Desember
Skrifgedeelte: Openbaring 4:9 – 5:14
Fokusgedeelte: Openbaring 5:7-9

Eers huilend, dan singend: "Die Leeu, Lam is waardig!"

Beleef jy soms verskillende gemoedstoestande? In Openbaring 5 word daar *gehuil* en jubelend *gesing*! Terwyl die kerk rondom God se troon sit, sit God met 'n boek beskryf met al die raadsbesluite van die verlede, hede en toekoms in sy regeerhand. 'n Sterk engel roep: Wie is waardig om die boek oop te maak om die raadsbesluite van God in vervulling te laat gaan? Johannes huil: Daar is niemand waardig genoeg nie!

'n Ouderling rondom God se troon sê: Moenie huil nie, jy gaan netnou hoor hoe die ontelbare kerkmense saam met baie engele en die lewende wesens gaan *sing*! Daar is die Leeu uit die Judastam, wat terselfdertyd ook die Lam van God is, wat waardig is om die boek oop te breek.

Volgens Genesis 49:8-10 is die Judastam die koningstam. Juda is die wortel (beginpunt) van koning Dawid. En soos God belowe het, is Jesus uit hierdie koningshuis gebore. Maar uit die Judastam en koningshuis is daar soveel sondige en owerspelige mense afkomstig dat Jesus eers Homself as sondelose offerlam moes aanbied om te betaal vir ons sonde.

Toe die kerk (ouderlinge) en die lewende wesens vanuit God se troon Jesus as die Leeu en die Lam sien uitkom en die boek uit die regeerhand van God neem, val hulle – elkeen met 'n musiekinstrument en die welriekende gebede van die gelowiges – voor die Lam neer. Hulle sing 'n nuwe lied: *"U is waardig!"*

Hoekom? *"Want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop … om ons konings en priesters vir onse God te maak."* As 'n refrein by hierdie lied sluit die stem van baie engele rondom God se troon by die lewende wesens en die ontelbare ouderlinge aan. Hulle sing weer: *Die Lam is waardig om te ontvang* … sewe volmaakte lofseggings: krag, rykdom, wysheid, sterkte, eer, heerlikheid en lof. 'n Derde koorlied volg uit die mond van elke skepsel: *Aan die Lam kom toe die lof, eer, heerlikheid en krag!* 'n Vierde koor sing: *"Amen!"*, en die kerk val biddend voor Hom neer …!

Glo jý? Dan gaan jy wat nou huil, jubelend saamsing! Oefen solank!

Sing: Skrifberyming 8:1-5 (5-3)

Ds. AH Stavast (Arie) (Pretoria/Kroonstad)